**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 14: DIE BEVOLKING VAN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Waarom moet die owerheid kennis neem van die bevolkingsgroeikoers?**

Bevolkingsgroei beteken dat daar in die toekoms meer owerheidsdienste gelewer moet word en die owerheid moet daarvoor beplan.

**2 Waarom word die Suid-Afrikaanse bevolking as 'n heterogene bevolking beskou?**

Omdat die bevolking saamgestel is uit mense van verskillende rasse, kulture, tale en gelowe.

**3 Hoe word die natuurlike groei in die bevolking bepaal?**

Deur die verskil tusen die geboortesyfer en die sterftesyfer te bereken.

**4 Waarom is hoë geboortekoerse 'n probleem in Suid-Afrika?**

Hoë geboortekoerse gaan gepaard met armoede, beperkte toegang tot onderwys en druk op maatskaplike dienste en infrastruktuur.

**5 Wat is die grootste beperkende faktor op die bevolkingsgroeikoers?**

Die siektetoestande van vigs en tuberkulose.

**6 Watter sektore het veral belang by die geprojekteerde bevolkingsgroeikoers?**

Die owerheid en die sakesektor.

**7 Noem drie redes waarom Zimbabwiërs na Suid-Afrika migreer.**

Suid-Afrika bied beter werksgeleenthede, 'n hoër lewenstandaard en beter onderwys en maatskaplike dienste.

**8 Hoe het die migrasie van burgers van die omliggende state bygedra tot burgerlike konflik in Suid-Afrika?**

Die buitelanders het in konflik met die plaaslike inwoners gekom omdat hulle meeding met die plaaslike inwoners vir werk, blyplek en maatskaplike dienste. Dit het botsings veroorsaak.

**9 Waarom is daar binnelandse migrasie na Gauteng provinsie?**

Gauteng word gesien as 'n ryk provinsie en mense meen dat hulle daar 'n beter lewe kan maak.